## BOEKBESPREKINGS

Gutsche, T.: *The History and Social Significance of Motion Pictures in South Africa, 1850-1940*, pp. XXVI, 404, 66 ill., Howard Timmins, Kaapstad, 1972. R12.

Hierdie boek is die volledige doktorale verhandeling van dr. Gutsche. Dit begin met die „cinematograph" wat 'n groot sukses by die publiek was, maar waarvan die inhoud dikwels nie op peil was nie. In 1898 is die eerste vertoning vir president Kruger gehou en daar is een rolprent van die President self gemaak. Na 'n onderbreking tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die film meer en meer 'n vaste instelling in die samelewing geword. Aanvanklik was dit nog tien minute lengte „nuus"-films, maar teen 1910 het die speelfilm begin oorheers, begelei deur 'n piano met spesiaal gekomponeerde musiek. Ook van hierdie films was die inhoud deurgaans nie van hoë gehalte nie.

Nadat 'n aantal verskillende maatskappye mekaar deur mededinging verliese laat ly het, het I. W. Schlesinger in 1913 die grondslag gelê vir die latere „African Cons. Theatres". Na die Eerste Wêreldoorlog het die breë publiek belang gestel in sport, motors, die teater, die radio en veral die film. Die eerste films was dikwels vol foute en onwaarskynlikhede en hulle het, veral by die jeug, valse waardes aangekweek. Ander besware was die flikkering van die beeld, wat nadelig vir die oë was, skoolkinders wat in die aand films kyk en in teekamers met ongewensde elemente kontak maak, sowel as dissiplinêre probleme met die skooljeug, wat in 'n onwerklike filmsfeer begin lewe het. Andersyds het die film kinders van die straat weggehou. Op die platteland was die film soms die enigste kontak met die buitewêreld en het dit 'n vaste gewoonte geword om Saterdagaand film te gaan kyk.

Met die koms van die klankfilm het spesiale sale nodig geword en as gevolg hiervan het die tyd aangebreek vir die bou van groot „prestige" teaters wat tydens die ekonomiese terugslag van die dertiger jare 'n soort skynwêreld van gemak en afleiding gevorm het te midde van die harde werklikheid. Dit is ook die tyd van die tot alles deurdringende bewondering van wêreldbekende akteurs: Garbo, Dietrich, Crosby, Hepburn, Rogers, Astaire, Cantor, Moore, Jeanette Macdonald en Nelson Eddy. En wie onthou nie die Colosseumorkes en Charles Manning met sy flambojant-gimnastiese en uiters suksesvolle orkeshantering? Sonder uitsondering het die publiek hom aan die film oorgegee, 'n afleiding wat geen inspanning vereis het nie en wat vir kinders deurgaan oorweldigend en verbysterend was.

Die Tweede Wêreldoorlog het die Europese bioskoopsale vir die Amerikaanse filmindustrie gesluit en daar moes na ander moontlikhede gesoek word. Suid-Afrika was blykbaar 'n aantreklike een en 'n harde stryd het ontstaan tussen die bestaande maatskappy van Schlesinger, M.G.M. en 20th Century Fox.

Dr. Gutsche beskryf die ontwikkeling van die Afrikaanse film („Moedertjie" was die eerste klankfilm in Afrikaans), die groei van die sensorraad, historiese films soos „De Voortrekkers" en „Die Bou van 'n Nasie", propagandafilms en die groot moontlikhede vir voorligting deur middel van die film. Sy beperk haar allermins tot die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse bioskoopbedryf. Inteendeel, daar word baie aandag gegee aan die maatskaplike veranderinge wat plaasgevind het as gevolg van die bioskoop en die agteruitgang van die teater, veral die Engelse toneel. Die invloed van die film op die jeug is groot en hierdie invloed het vandag nog niks verminder nie. Die nadele, maar ook die voordele en positiewe moontlikhede van die film is van alle kante wetenskaplik oorweeg. Dit is wat die boek so waardevol maak. Dit is aanbevelenswaardig vir die historikus en die sosioloog wat hom op die eerste helfte van hierdie eeu toelê. Daar is 'n groot aantal uitvoerige bronne verwysings, wat die boek vir die dramatoloog onmisbaar

maak. Hoewel die boek al 'n aantal jare gelede geskryf is, bly dit baanbrekend op sy gebied.

F. G. E. Nilant.

D. Bax. *Zuid Afrika's eerste openbare verzameling op het gebied van Kunst en Etnologie*. Schenkers: Von Dessin, James Cook, James King. Pp. 156, 32 afbeeldings. With a summary in English. North-Holland Publishing Company, Amsterdam, London 1870.

Hierdie boek van prof. D. Bax verskyn as deel 75 no. 3 (Nieuwe Reeks) van die *Verhandelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, afd. Letterkunde*.

Die herkoms en lotgevalle van die Dessiniaanse Biblioteek, ons eerste boekeversameling aan die Kaap, is reeds deur verskillende persone beskryf. Wat minder bekend is, is dit feit dat in hierdie versameling ook 'n aantal skilderye en ander voorwerpe aanwesig was. Prof. Bax het hom dan te doel gestel om vas te stel wat daarvan geword het.

Joachim von Dessin was 'n Kompanjiesdienaar van Duitse herkoms wat gedurende sy verblyf aan die Kaap, van 1727 tot sy dood in 1761, 'n merkwaardige versameling opgebou het. Volgens testamentêre beskikking is dit aan die N.G. Kerk, Kaapstad, bemaak. Dit het bestaan uit 3 856 boeke en manuskripte, 32 uitgesoekte skilderye, „eenige rariteiten", medaljes en munte. De versameling is toe in die Kosterhuis ondergebring waar dit vir die publiek toeganklik was. In 1919 is die boekery aan die toe pasgestigte South African Public Library geskenk, wat toe nog nie oor 'n eie gebou beskik het nie. Die huidige biblioteekgebou in die Kompanjiestuin het eers in 1860 tot stand gekom.

Die skilderye, wat nie nader beskryf is nie, is blykbaar eers in 1832 aan die sorg van die Biblioteek oorgedra. Prof. Bax probeer dan die identiteit van hierdie skilderye vasstel, wat 'n interessante speurtog geword het. Uit die „Catalogue of the first annual exhibition of fine arts in Cape Town" (1851) en daaropvolgende katalogi gaan hy dan na welke skilderye uit die Openbare Biblioteek vir die betrokke uitstalling geleen is en welke daarvan vermoedelik van die Dessiniaanse Versameling afkomstig was. Na 'n versigtige wik en weeg van alle gegewens kon hy dan met 'n redelike mate van sekerheid sommige van die skilderye identifiseer. Daar was o.a. skilderye wat op naam gestaan het van Antonie van Dyk, Poussin, Snijders, Jan van Gool en Cornelis Bega.

Vervolgens behandel hy op dieselfde wyse 'n aantal etnologiese voorwerpe afkomstig van die Stille Suidsee-eilande wat, weliswaar na die dood van Von Dessin, deur kaptein James Cook en lede van sy ekspedisie aan die Dessiniaanse Versameling geskenk is. Dieselfde metode word gevolg om die geskiedenis van die aantal munte en medaljes in die versameling na te gaan.

Daarby kom 'n hoofstuk oor die geskiedenis van die Kosterhuis, 'n huis met 'n pragtige Hollandse voorkant op die Heerengracht, wat omstreeks 1762-1764 gebou is, 'n eeu later onherkenbaar verander is om as kantoorgebou diens te doen en ten slotte in 1905-1906 vervang is deur 'n nuwe gebou wat op sy beurt weer moes plek maak vir die huidige Groote Kerkgebou.

Veral interessant is die laaste hoofstuk wat gaan oor skilderye aan die Kaap in die 18de eeu. Hieruit blyk dat die skilderye uit die Dessiniaanse Versameling nie so 'n seldsaamheid was nie. Uit vandisielyste en ander opgawes kan afgelei word dat 'n betreklike groot aantal skilderye van erkende Nederlandse en ook wel ander skilders in privaat besit aan die Kaap aanwesig was. Toe daar later 'n mark vir dergelyke skilderye in Europa ontstaan het, is die skilderye blykbaar

op groot skaal deur handelaars opgekoop. Tereg merk prof. Bax op: „Het is wel heel jammer dat er zo weinig van dit oude Kaapse bezit aan skilderijen in Zuid-Afrika gebleven is".

In sy geheel beoordeel lyk die boek te los van samehang en te veel met detail oorlaai. Daarvoor word egter ruimskoots vergoed deur die interessante ontleding van die skrywer en die wyse waarop hy deurgaans die leser in insae in sy werkswyse gee. Die waarde van die boek lê egter daarin dat dit 'n waardevolle bydrae tot die kultuurgeskiedenis van ons land is.

F. J. du T. Spies.

Ramsay, P. H. (red.): *The Price Revolution in Sixteenth-Century England,* Methuen, Londen, 1971. Pp. 181., bibl.

Hierdie werk vorm deel van die reeks *Debates in Economic History* wat onder die redaksie van Peter Mathias staan. In hierdie reeks het al verskeie interessante werke verskyn, o.m. Coleman se „Revisions in Mercantalism" en Shaw se „Great Britain and the Colonies".

Ramsay se werk is eweneens van besondere belang omdat die onderwerp wat dit behandel, nl. die prysrewolusie in England gedurende die sestiende eeu, beslis 'n terrein is waaroor daar nie gou uitgepraat sal word nie. Saam met die dertiende eeu en die twintigste eeu vorm die sestiende eeu een van die belanrikste inflasionêre tydperke in die ekonomiese geskiedenis.

Ses skrywers het tot die werk bygedra. Die bydrae van Hamilton handel eintlik oor die prysrewolusie in Spanje.

Hoewel prysverhoging gedurende die sestiende eeu redelike afmeting aangeneem het, voel ek daar word te veel na veranderinge as rewolusies verwys. Die bekende Frans ekonomiese historikus, Hauser, verwys ook na hierdie sestiende eeuse ekonomie as 'n rewolusionêre ekonomie. Sou ewolusie nie beter wees nie?

Die werk bevat 'n bibliografie wat meer uitgebreid kan wees.

D. W. van der Merwe.

Baraitser, M. & A. Obholzer: *Cape Country Furniture, a pictorial survey of reginal styles, materials and techniques in the Cape,* pp. xviii, 286, 891 ill., A. A. Balkema, Kaapstad, 1971, R20.

Ons is miskien te gewoond om ons te vergaap aan indrukwekkende ou Kaapse gewelkaste, terwyl die spontane ontwerp en eenvoudige versiering van die plattelandse meubel ons dikwels ontgaan. Omstandighede dra grootliks hiertoe by. In ons kultuur-historiese museums is daar 'n opvallende tekort aan goeie plattelandse meubels. Vir hulle moet ons eerder na die huise naby die museums gaan kyk. Hierdie meubels hoef egter glad nie by die grootsteedse pronkstukke agter te staan nie. Daar was baie kontak tussen die die stede en die platteland en die bewoners het geen mindere vakmanskap gehad as in die stad nie. Maar die platteland was meer beperk in materiaal, gereedskap en modegrille. Veel van wat hier tot stand gekom het, is sommer self gedoen vir eie gebruik. Sulke meubels is gewoonlik minder geneig tot uitspattigheid, maar hulle toon in hul beperking en eenvoud dikwels baie goeie smaak. Bowendien is die plattelandse werk minder afhanklik van die wispelturige mark of ongereelde invoer van materiaal. In plaas van indrukwekkende gewels het die binnelandse meubelmaker hom toegelê op smaakvole kombinasies van verskillende soorte en kleure hout. Wat van oorsese style deurgesyfer het, is op 'n eie manier verwerk. Daar word minder gelet op vertoon, meer aandag geskenk aan gerief en bruikbaarheid. Die verloop van die Afrikaanse opvatting en smaak kan baie beter nagegaan word aan

die selfgemaakte plattelandse meubels as aan die ambagswerkstukke uit die stad, wat sterk deur buitelandse styl beïnvloed is.

Die skrywers van hierdie boek het oral in die binneland rondgereis en in talle wonings, skure en opstalle die meubels bekyk. Die gegewens daarvan is tot in die kleinste besonderhede opgeteken. Daar is baie aandag gegee aan die houtsoorte wat gebruik is en wat soveel belangrike aanduidings kan gee wat betref die streek en soms selfs die plek van herkoms. Plaaslike verskille, wat van klimaat en houtsoort afhanklik is, het hierby 'n oorwegende invloed uitgeoefen. So kan van kiste wat met blomme versier is, juis die hand van hierdie blomme vasgestel word waar so 'n kis gemaak is! Daar word ingegaan op die groot aantal verskillende stoele, banke, tafels, kaste, kiste, beddens en kombuismeubels. Elke streek het sy eie besondere vereiste gehad. Die meubels het baie rondgereis en dis dikwels moeilik om met sekerheid die plek van oorsprong te bepaal. Dit is ook opvallend hoe 'n sekere meubeltipe in een streek veelvuldig voorkom omdat dit daar aan 'n behoefte voldoen, terwyl dit elders nouliks aangetref word.

Die meubels het oorspronklik tot intieme familiebesit behoort. Nogtans het sulke meubels onvermydelik geslyt en is hulle deur latere generasies weer herstel of verander. Ons tref in hierdie boek ruimskoots aanwysings aan hoe om 'n meubel tot sy oorspronklike toestand te herlei. Deurgaans is die meubels met eerbied en versigtigheid gehanteer. Ons moet vandag onthou dat ons eiendomsreg eintlik net tydelik is. Deur koop of andersins is ons eienaar, maar in werklikheid behoort ons net die oppasser te wees en dit is ons plig om sulke meubels goed vir die nageslag te bewaar.

Die meeste publikasies oor Kaapse meubels het hulle beperk tot die stadsmeubels. Hierdie boek is die eerste beskrywing van die gewelidg uitgebreide gebied van die plattelandse meubels. Elke voorbeeld wat genoem word, is toegelig met 'n afbeelding. Daar is 'n tabel van die gebruikte houtsoorte en die streek waarin hulle gebruik is, 'n tegniese woordelys, bibliografie en twee indekse. Die boek is nie net 'n studie oor meubels nie. Deurdat daar baie aandag gegee word aan die omstandighede waaronder die meubels tot stand gekom het, is dit 'n besonder waardevolle toevoeging tot ons kultuurgeskiedenis.

F. G. E. Nilant

Jürgen Deininger: *Der Politische Widerstand gegen rom in Griechenland* 217-86 v. Chr. Walter de Gruyter, Berlyn en New York 1971. 279 pp.

In die verlede is die Griekse weerstand teen Rome reeds in verskillende aspekte ondersoek — ekonomies (Rostovtzeff), staatsregtelik (Aymard, Larsen), ideologies (Fuchs), of as deel van die studie van Polybios (Gelzer, Walbank, Lehmann). Deininger kom nou met 'n omvattende ondersoek en 'n aantal state word daarby betrek — Achaea, Aetolia, Boeotia, Epirus, Acarnania. Metodies sien hy dit as ‚eine Art prosoporgraphischer "Anatomie" ', met as basiese probleemstelling die vraag: „Wer war in Griechenland "gegen Rom", wer hat in welcher Weise und mit welchem Erfolg, gegen die allmähliche Einbeziehung des griechischen Mutterlandes in den römischen Machtbereich . . . Widerstand geleistet ' (p. v.). Hy benader Griekeland as 'n geslote 'Widerstandsraum', en soek na die ‚tieferen kraften' (p. vl) en ‚bestimmte allgemeinere Strukturen und Verlaufsformen' te midde van die groot verskeidenheid van politieke handelinge. Hy ag dit tereg as 'n moeilike taak omdat 'n presiese begrip vir ‚die Griekse weedstand' as sodanig aan die bronne vreemd was (p.11). Vir sy doel bestudeer Deininger die Griekse geskiedenis van die 2e eeu v.C. in eie reg, waar dit in die verlede eerder as deel van die Romeinse geskiedenis gesien was (de Sanctis, Hertzberg, Niese, Colin;

asook die lateres, Holleaux, Stier, Will), met selfs volslae miskenning van die Griekse reg tot weerstand by Mommsen (vgl. die Sanctis, *Storia dei Romani* IV 3 p. 158).

Die weerstand kan in drie hooffases ingedeel word. Dit begin as 'n pan-Helleense solidariteit teenoor die Romeine as 'barbaroi' (p. 26 — die redevoering van Agelaos van Naupactus in 217 v.C.), gevolg deur geleidelike afsplitsing van sekere seksies van die 'principes' of 'Oberschicht' ten gunste van Rome tot by volslae kapitulasie voor die Romeinse oorwig na die 3e Macedoniese Oorlog (171-168 v.C.). Die ‚polloi' of ‚menigte', konsekwent anti-Romeins (p. 133, 160 e.v.), sit die weerstand voort, maar na 167 v.C., die derde fase, is die struktuur sosio-ekonomies. Die Achaïese Oorlog (146 v.C.) sowel as die opstand van Athene tydens die 1e Mithridatiese Oorlog (88-86 v.V.; p. 243 e.v.) staan geheel en al in die teken van die ‚menigte' (vg. p. 267).

Deininger se bydrae lê veral in die uiteensetting van die tweede hooffase en sy onderverdelings. Die breuk in die geledere van die ‚pincipes' het tydens die 2e Macedoniese Oorlog (200-197 v.C.) ontstaan toe Rome tot verhoudinge binne die Griekse state deurgedring het (p. 38; vg. p. 128). In Achaea begin dit by Aristainos na aanleiding van die Romeinse aanbod van 'n bondgenootskap teen Philippus (Liv. 31.21. 1; p. 42 en 45). Nietemin was anti-Romeinse weerstand nog sterk in die meeste state tydens hierdie vroeëre fase en het Aetolia die voortou geneem met 'n ‚offensiven Befreiungspolitik', gekenmerk deur skeptisisme jeens die filhellenisme van Flamininus (p. 129, 134). Na die Antiochos-oorlog (192-189 v.C.) tree 'n latere fase in tot 180 v.C., dié van 'n ‚defensiven Politik' — van 'n ‚friedlichen' of ‚begrenzten Widerstandes (p. 112, 127, 130) — onder leiding van Philopoimen van Achaea (p. 111; Polyb. 24, 11-13). Daarop volg die ‚Radikalisierung' en uiteindelike oorwinning van die pro-Romeinse groepe onder Kallikrates. Vir Polybios bring Kallikrates 'n ommeswaai in Grieks-Romeinse verhoudinge en is hy die bewerker van Griekeland se ondergang (p. 135 e.v.). Besonder insiggewend is Deininger se studie van Achaea, van die toenemende kloof tussen die pro-Romeinse rigting van Aristainos, Diophanes en Kallikrates enersyds, en die begrensde of gematigde weerstandspolitiek van Philopoimen, Lykortas en Polybios andersyds, totdat lg. politiek gekompromiteer raak aan die kant van Perseus (p. 179; ook 199 aanm. 12) en beëindig word deur die grootskaalse suiwering van 167 v.C. (p.199, 241, 267).

'n Opvallende strewe na ewewigtigheid kenmerk Deininger se werk. Perspektief op die Romeinse imperialisme is realisties en, sou ons kan sê, in die tradisie van Badian (bv. p. 64; vg. p. 201). Stier en Lehmann se opvatting van Rome se oorsterse beleid in terme van 'n ‚echtes Gleichgewicht in der Welt', voortvloeiend uit 'n römische Idealismus' word nie aanvaar nie (p. 64: ‚durchauss unrömisch'; vg. p. 67). Gepaard hiermee is 'n meer objektiewe evaluering van Aetoliä se rol as ‚der grosse . . . Versuch, das römische Protektorat über Griecheland zu beseitigen' (p. 108; vg. p. 269: ‚der bedeutendste Versuch des direkten politischen Widerstandes . . . überhaupt'; teenoor Lehmann, *Untersuchungen* p. 244 aanm. 203: 'grosse Chance für die politische Zukunft der hellenistischen Welt', nl. 'n ‚Gleichgewicht' tussen die ooste en weste wat Griekeland se vryheid sou verseker, verspil a.g.v. die Aitoliese weerstand). Ook die beeld van Philopoimen en Kallikrates respektiewelik is in beter perspektief gestel. Daar word gewys op die anakronisme om Philopoimen te veroordeel in die lig van pan-Helleense konsepsies (p. 126; bv. McDonald, O. C. D.: 'narrow and rancorous . . . when wider statesmanship was needed') wat vreemd was aan die Griekse denke na die 2e Macedoniese

Oorlog. Teenoor die emosioneelgeneigde veroordeling van Kallikrates, bv. as ,Quisling' (Toynbee) of ,hochverräterrischer Lump' (Stier; vg. ook Nieburh, Hertzberg, Niese) word eerder melding gemaak van sy realisme en ,bestechend klare und zielbewusste Politik' (p. 201; met verwysing na Errington, *Pilopoemen* 202 e.v., en Badian, *Foreign Clientelae* p. 91).

Die boek eindig met 'n evaluering van Polybios. Sy weegawe van die Griekse weerstand geskied vanuit die gesigspunt van 'n bepaalde beleid en bepaalde fase in die proses en is dus nie algemeengeldig nie (p. 272). Hy het die implikasie van Rome se magsoorwig eers laat besef. Vir die ,genesis' van sy werk is dit belangrik: die onderwerping van die ekumene aan Rome kan as tema nie voor Polybios se deportasie in die 167 v.C. gekonspireer gewees het nie (vg. p. 271). Maar wat wel ook interessant sou wees, en waaraan meer aandag gegee kan word, is die plek wat juis Polybios se konsepsie van 'n ,Gleichgewichtspolitik' — wat immers by 'n ,friedlicher Widerstand' teen Rome onderliggend is (p. 163 e.v., p. 179 en Polyb. 28.6.3-5; asook p. 268) — in die ontstaangeskiedenis van sy werk inneem.

Die oorheersende indruk by die lees van hierdie boek — en dit a.g.v. Deininger se ,prosopographischer Anatomie' — is een van die gekompliseerdheid van die Griekse weerstand, veral t.o.v. die 'principes' (bv. p. 99, Aetolia; p. 161 en Liv. 42.30.1-7; vg. die samevatting, p. 265 e.v.). Vroe:re studies (Hertzberg, Niese, Niccolini) wat gebaseer is op die meer vereenvoudigde veronderstelling van 'n antagonisme tussen pro-Romeinse ,aristokrate' of ,Oligarge' enersyds en anti-Romeinse ,demokrate' (Fustel de Coulanges) andersyds, is nou onteenseglik verouderd. Ook Passerini (1933) en Briscoe ((1967) wat krities teenoor die ouer navorsing staan, kan nie los van die tradisionele kategorieë nie; Passerini keer dit eenvoudig om met die ,oglokratiese' kragte aan die kant van Rome (kyk ook p. 12 e.v., p. 16). Die indringende anatomie van Deininger is dus tydig.

C. P. T. Naudé.

Nicholls, C. S.: *The Swahili Coast. Politics, Diplomacy and Trade on the East African Littoral, 1798-1856*. Pp. 419. Allen & Unwin, 1971. R12,00.

In Arabies beteken die woord *Swahili* eenvoudig „behorende tot die kus", maar teen die begin van die negentiende eeu het sekere Arabiere dit gebruik om 'n spesifieke groep mense aan te dui: diegene wat die Oos-Afrikaanse kus bewoon het vanaf die Jubarivier in die noorde tot by Kaap Delgado in die suide. In hierdie verband het dit meer as 'n blote geografiese konnotasie en beliggaam dit ook sekere kulturele en politieke implikasies. *Swahili* is 'n heel passende naam vir hierdie mense, want hulle ontleen hulle kulturele en ekonomiese identiteit aan die geleenthede wat hulle posisie aan die kus hulle gebied het. Sonder hulle tussenkoms en samewerking was die produkte van die Afrikaanse hinterland ontoeganklik vir besoekende handelaars en omgekeerd kon die binnelanders geen oorsese goedere bekom, sonder om die kusbewoners te ken nie.

Bogenoemde werk, die tweede in 'n reeks van St. Anthony's College, Oxford, beskryf die interaksie oor 'n tydperk van sestig jaar tussen twee ver van mekaar geleë lande: Oman en die Oos-Afrikaanse kus. Die skryfster het 'n groot deel van haar lewe in Oos-Afrika deurgebring en openbaar 'n intieme kennis van die streek en die mense waaroor sy skryf. Sy het haar doktorsgraad in 1968 aan Oxford verwerf en is aangewys as navorser aan die instituut vir Statebondstudie aan die Universiteit van Londen.

Gedurende die tydperk wat deur hierdie studie beskryf word, het die regeerder van die Omani Arabiere sy regeringsetel van Arabië na Zanzibar verskuif. Dit

het hom enersyds betrek in delikate verhoudinge met Westerse moondhede wat strategiese en kommersiële belange in die gebied ontwikkel het, en andersyds hom in konflik gebring met die plaaslike inwoners van die Oos-Afrikaanse kusstreek. Die skryfster vestig die aandag ook op handelsontwikkeling aan die Swahili-kus en die reaksie van die plaaslike inwoners op Arabiese en Westerse druk.

Die werk is gebaseer op heelwat primêre en tot dusver ontoeganklike bronne en verhelder die redes vir die verbreiding van Arabiese invloed in die Indiese Oseaan. Daar word ook gewys op die toenemende betrokkendheid van Westerse moondhede in die politiek van die Sultanaat van Zanzibar.

Vir studente van Afrika se geskiedenis en meer besonderlik van Oos-Afrika en die islamitisering van die kusstreek, is dr. Nicholls se werk waardevol. Dit dek 'n belangrike fase vóór die wedloop om grondgebied in Afrika en ontsluit 'n reeks belangrike Arabiese geskrifte wat op die geskiedenis van Afrika betrekking het.

A. P. J. van Rensburg.

ffolliott, P. & R. Liversage: *Ludwig Krebs, Cape Naturalist to the King of Prussia, 1792-1844*, pp. XV, 304, 16 ill., Kaapstad, A. A. Balkema, 1971. R7,50.

Hierdie boek is deel 9 in die reeks „South African Biographical and Historical Studies". Deurdat die gegewens oor Krebs hoofsaaklik in Duitsland te vinde is, was daar in die afgelope 125 jaar maar baie min oor hom en sy werk in Suid-Afrika bekend. In 1817, to Krebs na die Kaap gekom het, was daar al heelwat oor die binneland bekend. Daar is nog altyd ywerig na minerale gesoek, maar die reisigers het die flora en fauna langs die pad nie vergeet nie. Oor die gebied noord van Vaalrivier het niemand egter iets geweet nie. Krebs het 'n drukke briefwiseling gehad met dr. H. Lichtenstein, wat kommissaris De Mist op sy bekende reis vergesel het, en wat destyds aan die Zoölogiese Museum in Berlyn verbonde was. Daar is ooreengekom dat Krebs biologiese voorwerpe in Suid-Afrika sou versamel en na Berlyn sou stuur. Hierdie briewe vorm die grondslag van bogenoemde boek en openbaar dat Krebs deur die jare tot 'n professionele versamelaar vir die Berlynse museum ontwikkel het.

In Oktober 1821 onderneem Krebs sy eerste reis na Oos-Kaapland. Die reis moes suksesvol gewees het, want twee jaar later deel dr. Lichtenstein die Pruisiese regering mee dat die Afrikaanse afdeling van die Berlynse museum mooi aangevul raak. In 1825 het Krebs besluit om in Suid-Afrika te bly en het hy grond by die Baviaansrivier gekoop. Die inligting wat hy verskaf omvat baie terreine. Hy skryf dat landdros en heemrade deur magistrate vervang word; hy vermeld gerugte oor die lot van reisigers in die binneland, en baie ander gebeurtenisse.

Dit was altyd in Krebs se voorneme om 'n uitgebreide reis na die binneland te onderneem. As gevolg van die Sesde Grensoorlog moes hy hierdie plan uitstel. Maar uiteindelik het sy kans gekom en van Maart tot Desember 1838 het hy sy groot ekspedisie onderneem. Die dagboek van hierdie reis het helaas verdwyn. Maar die gebeurtenisse is meesterlik gerekonstrueer op grond van briewe, verwysings na sendingstasies en veral die lys van voorwerpe wat Krebs later na Berlyn gestuur het. Hierdie reis plaas Krebs op gelyke voet met Burchell and Andrew Smith as biologiese kenner en versamelaar van Suid-Afrika in die eerste helfte van die 19de eeu. Maar Krebs het nooit dieselfde bekendheid verwerf nie. As gevolg van die Napoleontiese oorloë het hy geen kans gehad om te studeer nie. Hy het geen boeke gepubliseer nie en sy reisjoernale het verdwyn, sodat gegewens oor hom uitsluitend verkry kan word uit sy briewe en lyste van voorwerpe wat hy aan die museum gestuur het. Krebs het tussen 1820 en 1844 nie minder nie

as vyftien indrukwekkende versamelings na Berlyn gestuur, waaronder bv. 20 599 insekte! Helaas was dr. Lichtenstein in die eerste plek 'n organiseerder, nie 'n wetenskaplike nie, en die Pruisiese regering het lank getreusel alvorens besluit is om Krebs 'n medalje toe te ken. Dit alles het veroorsaak dat Krebs, wat in sekere kontemporêre wetenskaplike kringe welbekend was, daarbuite weinig naam kon maak. Vir die historikus vandag is dit interessant dat Krebs, wat in 'n onrustige tyd in die binneland was, van heelwat feite en gebeurtenisse melding maak, wat anders onbekend sou gebly het.

Uit hierdie boek blyk die belangrike plek wat Krebs in die wetenskap van Suid-Afrika inneem. Hy is een van die grootste natuur-historiese versamelaars was in ons land geleef en gewerk het. Sy huis aan Baviaansrivier bestaan nog en is onbewoon. Die skrywers hoop dat die gebou as 'n nasionale monument verklaar kan word en dat Krebs se belangrike rol in die ontwikkeling van ons land geopenbaar sal word.

Daar is 'n uitvoerige bibliografie, 'n biografiese oorsig van die belangrikste persone, 'n lys van die briewe en 'n volledige inventaris van die vyftien versamelings wat Krebs na Berlyn gestuur het. Van die 16 illustrasies is drie in kleur. As geheel is dit 'n uiters welkome en belangrike toevoeging tot die kennis van ons geskiedenis in die eerste helfte van die 19de eeu.

F. G. E. Nilant.